Tshiamiso TRUST

Verduideliking van Berekening van Voordeelbetaling

Hier onder is besonderhede oor hoe die Tshiamiso Trust se sertifiseringskomitee Trust-voordele ingevolge die Tshiamiso Trustakte bereken.

Tshiamiso Trust-voordele is van toepassing op die volgende mense:

- Huidige en voormalige mynwerkers wat tussen 12 Maart 1965 en 10 Desember 2019 risikowerk by kwalifiserende goudmyne gedoen het.
- EN wat met 'n kwalifiserende siekte gediagnoseer is: silikose, kardiorespiratoriese TB of pulmonêre TB.

- In die geval van 'n TB-eis moes die diagnose plaasgevind het terwyl risikowerk by daardie kwalifiserende goudmyne gedoen is of binne 'n jaar nadat hy of sy die myn verlaat het of opgehou het om risikowerk te doen.
- As die mynwerker oorlede is, sal die voordeel sy of haar afhanklikes toeval.

Kwalifiserende goudmyne is daardie myne wat gedurende spesifieke tydperke besit, bestuur, beheer of bedryf was deur die maatskappye wat wat deel vorm van die skikkingsooreenkoms.

Die ses maatskappye is African Rainbow Minerals, Anglo American South Africa, AngloGold Ashanti, Gold Fields, Harmony Gold en Sibanye-Stillwater.

Volg hierdie skakel vir toegang tot die volledige lys kwalifiserende goudmyne en kwalifiserende tydperke: https://www.tshiamisotrust.com/mines/

Bruto Voordeel:

Die uitbetaling sal verskil na gelang van die siekte en die klas waarvoor die Tshiamiso Trust die mynwerker gesertifiseer het.

Die klas van die voordeel hang van die mynwerker se gesondheidstoestand af en of die eis vir 'n lewende of afgestorwe mynwerker is.

Bruto voordeel is die maksimum uitbetaling wat vir elk van die voordeelklasse moontlik is.

Daar is 10 verskillende voordeelklasse waarvan die bruto voordeelbedrag wissel tussen tot R10 698,60 en tot R534 930,14. Die lys kan op die Tshiamiso Trust se webwerf gevind word:
https://www.tshiamisotrust.com/information/compensation-options/

Hierdie dokument is op versoek beskikbaar in verskillende tale.

MoonHike verlaging van voordele

Die bruto voordeelvergoedingsbedrag (die maksimum bedrag vir elke voordeelklas) **mag** ingevolge die Tshiamiso Trustakte **verlaag word** op grond van ondersteunende bewyse met behulp van die volgende kriteria:

Aanpassing volgens VPI-inflasie: Belangrik om van kennis te neem

Vanaf 1 Februarie 2023 sal die bruto voordeelbedrae jaarliks in ooreenstemming met die Verbruikersprysindeks (VPI) vir inflasie aangepas word, soos gepubliseer deur Statisieke Suid-Afrika, om te verseker dat die ekonomiese waarde van die bruto voordeelbedrae behoue bly en nie deur inflasie verminder word nie.

1 Verlaging van voordeel vir risikowerk buite kwalifiserende goudmyne en kwalifiserende tydperke

Die volgende dui voorbeelde aan van risikowerk wat deur die mynwerker gedoen is, wat 'n verlaging in die vergoedingsbedrag sal veroorsaak:

A

Risikowerk by kwalifiserende myne buite die kwalifiserende tydperke

VOORBEELD:

As die mynwerker vir 10 jaar risikowerk by kwalifiserende goudmyne gedoen het maar 3 jaar daarvan was voor 12 Maart 1965 of buite die kwalifiserende tydperke gedoen, sal die bruto voordeelbedrag verlaag word volgens die gedeelte van risikowerk wat buite die kwalifiserende tydperke geval het.

(in hierdie voorbeeld: 3/10 = 30%)

Vir silikose klas 1, met 'n maksimum vergoedingsbedrag van R74 890,22, sal hierdie eiser R52 423,15 ontvang.

B

Risikowerk by niekwalifiserende goudmyne

VOORBEELD:

As die mynwerker vir 20 jaar risikowerk in die goudmynbedryf gedoen het, maar 8 jaar daarvan was by niekwalifiserende goudmyne gedoen wat deur ander maatskappye besit was (nie deur enige van die ses maatskappye wat deel vorm van die skikkingsooreenkoms nie) sal die maksimum voordeelbedrag (die bruto voordeel) deur daardie gedeelte verlaag word.

(in hierdie voorbeeld: 8/20 = 40%)

Vir silikose klas 2, met 'n maksimum vergoedingsbedrag van R160 479,04, sal hierdie eiser R96 287,42 ontvang.

C

Risikowerk by ander niekwalifiserende myne

VOORBEELD:

As die mynwerker vir wie 'n TB-eis ingedien word vir 4 jaar risikowerk by 'n kwalifiserende goudmyn gedoen het en 'n verdere 12 jaar by byvoorbeeld steenkool- en platinummyne gewerk het (hetsy dit deur 'n maatskappy besit is deel vorm van die skikkingsooreenkoms of nie), sal die bruto voordeelbedrag deur daardie gedeelte verlaag word.

(in hierdie voorbeeld: 12/16 = 75%)

Vir eerstegraadse tuberkulose, met 'n maksimum vergoedingsbedrag van R53 493,01, sal hierdie eiser R13 373,25 ontvang.

Hierdie dokument is op versoek beskikbaar in verskillende tale.

Reël van 30 jaar

As die mynwerker gedurende die kwalifiserende tydperk vir 30 jaar of meer risikowerk by kwalifiserende myne gedoen het, is daar geen verlaging in uitbetaling weens risikowerk wat by niekwalifiserende goudmyne, niekwalifiserende myne wat nie goudmyne is nie of gedurende niekwalifiserende tydperke gedoen is nie.

2

Risikowerk wat ná die ondersoekdatum gedoen is wanneer dit op grond van 'n goedgekeurde ODMWA-sertifikaat gesertifiseer is

As die eiser gesertifiseer word op grond van 'n goedgekeurde sertifikaat ingevolge die Wet op Beroepsiektes in Myne en Werke (ODMWA-sertifikaat) of 'n tuberkulosesertifikaat, sal risikowerk wat ná die ondersoekdatum wat op die sertifikaat gedruk is gedoen is, vir die berekening van die netto voordeelbedrag geïgnoreer word. Die voordeel sal dus nie verlaag word as enige risikowerk ná die ondersoekdatum gedurende nie-kwalifiserende tydperke by kwalifiserende myne en/of by niekwalifiserende myne betrokke by goudontginning gedoen is nie.

3

Veranderlike vir differensiaal van verhoogde voordeel (DIB) (Veranderings in MBOD-voordele)

As die verhoging van die vergoeding wat deur die Mediese Buro vir Beroepsiektes (MBOD) toegeken word is as die verhoging van die vergoeding wat deur die Tshiamiso Trust toegeken word, sal die verskil afgetrek word van die Tshiamiso Trust se bruto voordeelvergoedingsbedrag.

NETTO VOORDEEL

Die netto voordeelbedrag word bereken as die bruto voordeelbedrag plus die voordeelaanpassings (wanneer van toepassing) en minus die voordeelwysigers (indien van toepassing).

BRUTO VOORDEEL + VOORDEELAANPASSINGS
bv. R74 890,22

\-

VOORDEELWYSIGERS
bv. R22 467,07
(30% van R74 890,22)

=

NETTO VOORDEEL
bv. R52 423,15

AFTREKKING VIR INKOMSTEBELASTING

Die Tshiamiso Trust kan dalk verplig word om inkomstebelasting van die netto voordeelbedrag af te trek. Dit sal gewoonlik gebeur as 'n eiser voorheen afgedank is op grond van permanente ongeskiktheid waarvoor die Tshiamiso Trust hom of haar kan vergoed.

As 'n aftrekking vir inkomstebelasting op die eis van toepassing is, word die Tshiamiso Trust se finansiële afdeling verplig om daardie afgetrekte bedrag namens die eiser aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) oor te betaal.

Die eiser sal 'n kennisgewing ontvang as 'n aftrekking vir inkomstebelasting op sy of haar eis van toepassing is.

BETALING VAN VOORDEEL

Die betalingsbedrag van die voordeel wat die mynwerker sal ontvang, is gelyk aan die netto voordeelbedrag MINUS die aftrekkingsbedrag vir inkomstebelasting (indien van toepassing).

NETTO VOORDEEL
bv. R52 423,15

\-

AFTREKKING VIR INKOMSTEBELASTING
bv. R3 035,60

=

VOORDEEL-BETALING
bv. R49 387,55